# 2

# Pos en paddaboudjies

Die sjef kom die portaal met 'n hengse koek binne. Lulu snak na haar asem. Dis soos 'n troukoek – maar beter, groter. En dis in die vorm van ...

"Die Eiffeltoring!" roep Lulu.

"Van Parys!" roep Carmen.

"Dit lyk of dit wil omval," sê Alex.

"Waar's die simpel koek se simpel kersies?" vra Alet.

"BLY STIL!" roep almal vir die tweeling. Hulle sluk hulle woorde.

Skielik dans Lulu se pa om haar. "O my kind!" lag hy en gee vir haar 'n koevert. Dis goudkleurig, met mooi letters voorop.

*Mademoiselle Lulu Langeveld.*

"Ons wou al bars van opgewondenheid oor die groot nuus," sê tannie Nannie. Sy druk vir Lulu.

En steeds is Lulu verward.


Mademoiselle
Lulu Langeveld

“Maak die koevert oop,” por Carmen haar aan.

Versigtig doen Lulu dit. Nou bons haar hart nog vinniger. Sy haal ’n brief uit. Dis in goue letters geskryf.

“Dis ’n uitnodiging,” sê Lulu sag.

“Lees verder,” sê haar ma opgewonde. Dis asof sy alreeds weet wat daarin staan.

“Dit kom van Parys, Frankryk ...” frons Lulu. “Hulle nooi my uit om ’n modevertoning te kom hou. By die Parys-modeweek. Maar, dit kan mos nie wees nie? Parys? Ekke? ’n Modevertoning?” Steeds maak dit nie sin nie. Skielik weet Lulu wat aangaan. Sy ruk haar kop op. Kyk kwaai vir die tweeling. “Is dit julle idee van ’n grap?”

Hulle probeer haar seker ’n poets bak met die brief. Hulle wil haar verniet bly maak.

Maar die tweeling skud hulle koppe.

“Dis nie ’n grap nie, Lulu,” fluister haar pa.

“Regtig-egtig?” vra Lulu.

“Oui!” sê haar ma. “Dit beteken ‘ja’ in Frans. Jy sal ’n paar nuwe woorde moet leer. Want jy gaan Frankryk toe, Lulu!”

“Baie geluk!” roep oom Theuns. Hy help die sjef om dik stukke koek te sny. Hulle moet die belangrike pos uit Parys vier.